# Heidelbergse Kategismus

## Sondag: 1

Heidelbergse Kategismus Sondag: 1

Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe

nie aan myself nie,

maar aan my getroue Ve … er, Jesus Christus beho … rt.


Hy het met sy kosbar … d vir al my sondes ten voll … e betaal

en my uit alle heer … y van die duiwel verlos.

Hy bewaar

my op so 'n w … at sonder di … kop kan v …


Alles moet



Daarom verseker

Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.

## Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?




Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe

Romeine 14:8:
As ons leef, leef ons immers vir die Here; en as ons sterf, sterf ons vir die Here. Of ons dan lewe of sterwe, ons behoort aan die Here.

1 Tessalonisense 5:9-10:
Want God het ons nie tot veroordeling bestem nie, maar om deur ons Here Jesus Christus verlossing te verkry, Hy wat ter wille van ons gesterf het, sodat ons, of ons wakker is of slaap, saam met Hom kan leef.

# Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?



Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe


nie aan myself nie,

1 Korintiërs 6:19:
Of weet julle nie dat julle liggaam, wat julle van God ontvang het, 'n tempel is van die Heilige Gees in julle,  en dat julle nie aan julleself behoort nie?

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 1

## Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?



Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe

nie aan myself nie,

maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort.


1 Korintiërs 3:23:
Maar julle behoort aan Christus, en Christus aan God.

Titus 2:14:
Hy wat Homself
ter wille van ons gegee het,
om ons los te koop
van alle wetteloosheid,
en vir Hom 'n eie volk
as eiendom te reinig,
wat ywerig is om goed te doen.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 1

# Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?



Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe

nie aan myself nie,

maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort.

Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal


1 Petrus 1:18-19:
Julle weet tog dat julle nie met iets vergankliks, soos silwer of goud, losgekoop is uit julle sinlose leefwyse, wat deur julle voorvaders aan julle oorgelewer is nie, maar dat julle losgekoop is met die kosbare bloed van Christus – Hy wat soos 'n lam is, vlekloos en sonder liggaamsgebrek.

1 Johannes 1:7:
maar as ons in die lig leef, soos wat Hy in die lig is, is ons aan mekaar verbonde, en reinig die bloed van Jesus, sy Seun, ons van elke sonde

1 Johannes 2:2:
En Hy is die versoening vir ons sondes – nie net vir óns sondes nie; maar ook vir dié van die hele wêreld.

1 Johannes 2:12:
Ek skryf aan julle, kinders, omdat julle sondes vergewe is op grond van sy Naam.

# Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?



Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe

nie aan myself nie,

maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort.

Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal


en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos.

Johannes 8:34-36:
Jesus het hulle geantwoord: “Amen, amen, Ek sê vir julle: Elkeen wat sonde doen, is 'n slaaf van die sonde. En die slaaf bly nie vir altyd in die huis nie, maar die seun bly vir altyd. As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle werklik vry wees.

Hebreërs 2:14:
Aangesien die kinders dan aan vlees en bloed deel het, het ook Hy net so aan dieselfde dinge deel gekry, sodat Hy deur sy dood die een wat oor die dood mag het, dit is die Duiwel,

1 Johannes 3:8:
Wie sonde doen, is uit die Duiwel, omdat die Duiwel van die begin af sondig. Hiervoor het die Seun van God verskyn: om die dade van die Duiwel te vernietig.

# Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?



Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe

nie aan myself nie,

maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort.

Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal

en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos.

Hy bewaar


Johannes 6:39:
En dit is die wil van Hom wat My gestuur het: Dat Ek van almal wat Hy My gegee het, nie 'n enkele een verlore sal laat gaan nie, maar hulle op die laaste dag sal opwek.

Johannes 10:27-30:
My skape luister na my stem, en Ek ken hulle, en hulle volg My. Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal tot in ewigheid nooit verlore gaan nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie. My Vader, wat hulle aan My gegee het, is groter as almal, en niemand kan hulle uit die hand van die Vader ruk nie. Ek en die Vader is een.”

2 Tessalonisense 3:3:
Maar die Here is getrou; Hy sal julle versterk en van die Bose bewaar.

1 Petrus 1:5:
ja, vir julle wat, deur julle geloof, deur die krag van God bewaar word vir die verlossing wat gereed is om in die eindtyd geopenbaar te word.

## Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?



Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe

nie aan myself nie,

maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort.

Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal

en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos.

Hy bewaar

my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie.


Matteus 10:30:
En julle – selfs die hare op julle kop is almal getel.

Lukas 21:18:
Daar sal beslis geen haar van julle koppe val nie.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 1

**Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?**



Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe

nie aan myself nie,

maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort.

Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal

en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos.

Hy bewaar

my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie.


Alles moet inderdaad tot my saligheid dien.

Romeine 8:28:
Ons weet dat God alles ten goede laat meewerk vir hulle wat Hom liefhet, vir hulle wat volgens sy voorneme geroep is;

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 1

# Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?



Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe

nie aan myself nie,

maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort.

Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal

en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos.

Hy bewaar

my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie.

Alles moet inderdaad tot my saligheid dien.

Daarom verseker

Romeine 8:16:
Die Gees self getuig teenoor ons gees dat ons kinders van God is

2 Korintiërs 1:22:
wat ons ook verseël en die Gees as waarborg in ons harte gegee het.


2 Korintiërs 5:5:
Hy wat ons juis hiervoor voorberei het, is God, wat aan ons die Gees as waarborg gegee het

Efesiërs 1:13-14:
In Hom is julle, toe julle die woord van die waarheid, die evangelie van julle verlossing, gehoor en tot geloof gekom het, verseël met die Heilige Gees, wat beloof is. Die Gees is die waarborg van ons erfenis, om ons los te koop as God se eiendom, tot lof van sy heerlikheid.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 1

## Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?



Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe

nie aan myself nie,

maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort.

Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal

en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos.

Hy bewaar

my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie.

Alles moet inderdaad tot my saligheid dien.

Daarom verseker

Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.

Romeine 8:14:
Almal wat deur die Gees van God gelei word, hulle is kinders van God.

1 Johannes 3:3:
En elkeen wat hierdie vaste hoop op Hom het, hou homself rein, net soos Hy rein is.

## Vraag 2: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?

Drie dinge:


Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is;

ten tweede; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word en



God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees.

**Vraag 2: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?**




Drie dinge:

Matteus 11:28-30
Kom na My toe, almal wat vermoeid en swaar belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle, en leer van My, omdat Ek sagmoedig en nederig van hart is, en julle sal rus vind vir julle gemoed. Want my juk is draaglik en my las is lig.”

Efesiërs 5:8
Want vroeër was julle wel duisternis, maar nou, in die Here, is julle lig. Leef as kinders van die lig!

## Vraag 2: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?



Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is;

Matteus 9:12
Toe Jesus dit hoor, het Hy gesê: "Gesonde mense het nie 'n dokter nodig nie, maar wel die siekes.


Johannes 9:41
Jesus het vir hulle gesê: "As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie, maar nou sê julle, 'Ons sien.' Daarom bly julle in julle sonde."

Drie dinge:

Romeine 3:10
soos daar geskryf staan: "Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie;

1 Johannes 1:9-10
As ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, en daarom sal Hy ons ons sondes vergeef en ons van alle kwaad reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, maak ons Hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie.

## Vraag 2: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?



Drie dinge: Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is;

ten tweede; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word en

Lukas 24:46-47: en vir hulle gesê: “So staan daar geskryf dat die Christus moet ly en op die derde dag uit die dood opstaan, en dat in sy Naam bekering tot die vergewing van sondes aan alle nasies verkondig moet word. Julle moet by Jerusalem begin,

Johannes 17:3: En dit is die ewige lewe: dat hulle U ken, die enigste ware God, en ook Hom wat U gestuur het – Jesus Christus

Handelinge 4:12: “Daar is ook deur niemand anders verlossing nie, en daar is geen ander naam onder die hemel aan mense gegee waardeur ons verlos kan word nie.

Handelinge 10:43: Oor Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, deur sy Naam vergewing van sondes ontvang.


1 Korintiërs 6:11: So was sommige van julle ook, maar julle het julle laat was, julle is geheilig, en julle is vrygespreek in die Naam van die Here Jesus Christus en deur die Gees van ons God.

Titus 3:3-7: Want ons was ook voorheen onverstandig, ongehoorsaam, verdwaal, verslaaf aan allerlei begeertes en luste. Ons het in kwaadwilligheid en naywer geleef, ons was haatlik en het mekaar gehaat. Maar toe die goedheid en menseliefde van God, ons Verlosser, verskyn, het Hy ons verlos – nie op grond van werke wat ons uit geregtigheid gedoen het nie, maar op grond van sy ontferming – by wyse van die afwassing deur die weergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees, wat Hy ryklik oor ons uitgegiet het deur Jesus Christus, ons Verlosser. So het ons, geregverdig deur sy genade, erfgename geword van die ewige lewe waarop ons hoop.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 1

# Vraag 2: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?



Drie dinge:

ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees.

Psalm 50:14-15: Offer dank aan God, betaal jou geloftes aan die Allerhoogste. Roep My aan in 'n tyd van nood; Ek sal jou red, en jy sal My eer.”

Psalm 116:12-13: Hoe kan ek die HERE vergoed vir al sy goeie dade aan my? Die beker van verlossing  sal ek oplig en die Naam van die HERE aanroep.

Matteus 5:16: “Laat julle lig só voor die mense skyn, sodat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, kan verheerlik.”

Romeine 6:12-13: aat die sonde dan nie langer oor julle sterflike liggaam heers, om julle sy begeertes te laat gehoorsaam nie. Julle moet ook nie meer julle ledemate as wapens van ongeregtigheid tot beskikking van die sonde stel nie. Nee, as mense wat uit die dood lewend geword het, stel julleself tot beskikking van God, en julle ledemate as wapens van geregtigheid tot beskikking van God.

Efesiërs 5:10: Want die dinge wat deur hulle in die geheim gedoen word – selfs net om daaroor te praat, is skandelik

2 Timoteus 2:15: Lê jou daarop toe om jou voor God te stel as iemand wat die toets deurstaan het, as 'n arbeider wat hom nie hoef te skaam nie, wat met die woord van die waarheid die reguit pad aandui

1 Petrus 2:9: Julle, egter, is “'n uitverkore geslag”, “'n koninklike priesterdom”, “'n heilige nasie”, “'n volk wat aan God behoort”, “sodat julle die deugde kan verkondig” van Hom wat julle uit die duisternis geroep het na sy wonderlike lig

1 Petrus 2:12: Gedra julle goed onder die heidene, sodat hulle, wanneer hulle julle beswadder, asof julle misdadigers is, God op die dag van besoeking kan verheerlik, omdat hulle julle goeie dade gesien het.

Heidelbergse Kategismus Sondag: 1

## Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe

nie aan myself nie,

maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort.

Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal

en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos.

Hy bewaar

my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie.

Alles moet inderdaad tot my saligheid dien.

Daarom verseker

Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe.

## Vraag 2: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?

Drie dinge:

Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is;

ten tweede; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word en

ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees.

Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Antwoord: Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe[1] nie aan myself nie[2], maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort[3]. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal[4] en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos[5]. Hy bewaar[6] my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie[7]. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien[8]. Daarom verseker[9] Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe[10].

1 Romeine 14:8; 1 Tessalonisense 5:9-10
2 1 Korintiërs 6:19
3 1 Korintiërs 3:23; Titus 2:14
4 1 Petrus 1:18-19; 1 Johannes 1:7; 1 Johannes 2:2; 1 Johannes 2:12
5 Johannes 8:34-36; 1 Johannes 3:8; Hebreërs 2:14
6 Johannes 6:39; Johannes 10:27-30; 2 Tessalonisense 3:3; 1 Petrus 1:5
7 Matteus 10:30; Lukas 21:18
8 Romeine 8:28
9 Romeine 8:16; 2 Korintiërs 1:22; 2 Korintiërs 5:5; Efesiërs 1:13-14
10 Romeine 8:14; 1 Johannes 3:3

SONDAG: 1 - VRAAG EN ANTWOORD: 2

Vraag: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?

Antwoord: Drie dinge[1]: Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is[2]; ten tweede; hoe ek van al my sonde en ellende verlos word[3] en ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees[4].

1 Matteus 11:28-30; Efesiërs 5:8
2 Matteus 9:12; Johannes 9:41; Romeine 3:10; 1 Johannes 1:9-10
3 Lukas 24:46-47; Johannes 17:3; Handelinge 4:12; Handelinge 10:43; 1 Korintiërs 6:11; Titus 3:3-7
4 Psalm 50:14-15; Psalm 116:12-13; Matteus 5:16; Romeine 6:12-13; Efesiërs 5:10; 2 Timoteus 2:15; 1 Petrus 2:9; 1 Petrus 2:12